


# Die 95 Stellings vir Hervorming Vandag

**2017 is Hervorming 500**

1517 - 2017

Coalition on Revival

**FIRE** Fellowship for International Reformation & Evangelism

Geloof Alleen · Genade Alleen · Woord Alleen



**Gebaseer en geïnspireer deur dr. Martin Luther se historiese 95 Stellings wat op 31 Oktober 1517 gepubliseer is en die Protestantse Hervorming geloods het. Ons offer hierdie 95 Stellings vir Hervorming Vandag met die hoop dat dit biddende selfondersoek, 'n studie van God se Woord, besprekings in die Kerk en positiewe aksie vir Hervorming sal teweegbring.**

1 Ons Here en Meester, Jesus Christus het beveel: ***"Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele het naby gekom."*** (Matthéüs 4:17) Die hele lewe van 'n gelowige, moet een wees van bekering.

2 Dit kan nie geïnterpreteer word as bloot 'n gebaar van toewyding, of 'n tegniese redding, gebaseer op teorie, maar geen ervaring nie.

3 Bybelse bekering sluit die volgende in: **oortuiging**, 'n verandering in denke; **berouendheid**, 'n verandering in hart; **omkering**, 'n verandering in leefwyse. Dit is nie genoeg om net ons sonde te bely nie, ons moet ook sonde verwerp. Ons moet sonde haat en afsweer. Bekering impliseer 'n verandering van gedagtes, 'n verandering van hart, 'n verandering van gewoontes en 'n verandering van optrede.

4 ***"Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil"*** Joël 2:12-13

5 Hierdie was die boodskap van die Apostel Petrus op die Dag van Pinkster: ***"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."*** Handelinge 2:38

6 Hierdie was die boodskap van die vroeë Kerk: ***"Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom."*** Handelinge 3:19

7 Die hart van die Evangelie is 'n veranderde lewe in Christus.

8 God is 'n Heilige God en Sy geregtige standaarde word gevind in Sy Wet. Die mens is sondig en ons moet onsself bekeer van ons boosaardigheid en ons vertroue in Christus plaas.

9 Hierdie bekering en geloof moet waargeneem word in ons gehoorsaamheid aan Christus en in ons bereidheid om ter wille van Christus opofferings te maak en vervolging te verduur. Vir diegene wat hulself na Hom wend in bekering en geloof, beloof God groot seëninge, belonings en die ewige lewe.

10 Voordat Hy na die Hemel teruggekeer het, het ons Here, Jesus Christus, Sy volgelinge beveel dat: ***"bekering en vergewing van sondes in Sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."*** Lukas 24:47

11 Redding is deur die genade van God alleen, ontvang deur geloof alleen, op grond van Christus se bloed, as versoening aan die Kruis van Golgota, alleen.

12 Bybelse Redding word altyd gekenmerk deur 'n verandering in gedrag. ***"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik."*** Jesaja 55:7

13 Die wat verkondig dat iemand wat glo, gered is, ongeag van hoe hy optree, is valse leraars. Die Bybel sê duidelik dat net soos bekering sonder geloof nie ware bekering is nie, so is geloof sonder bekering nie ware geloof nie. Bekering en geloof is twee kante van dieselfde muntstuk. Geloof sal altyd gedrag beïnvloed.

14 ***"Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon...Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood."*** Jakobus 2:17-26

15 Die Bybel waarsku ons om nie ons harte te verhard nie. (Psalm 95:8) ***"Gelukkig is die mens wat gedurigdeur (die Here) vrees; maar hy wat sy hart verhard, sal in die onheil val."*** Spreuke 28:14

16 ***"Of weet julle nie dat die onregverdiges die Koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die Koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God."*** 1 Korintiërs 6:9 -11

17 ***"Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees."*** Psalm 34:18. ***"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie."*** Psalm 51:17. Die Here belowe om dié met 'n nederige en 'n responsiewe hart aan te hoor en te genees. (2 Konings 22:19)

18 ***"Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; want waarom wil julle sterwe...?"*** Esegiël 18:31

19 Die wat beweer dat ons Jesus kan aanneem as Redder sonder om aan Hom onderdanig te wees, is valse leraars. Dit sou nie voldoende gewees het vir Moses om aan die Hebreër slawe in Egipte te verkondig dat hulle moet aanvaar dat hulle volkome vrymaking het in Yahweh, terwyl hy hulle onder die juk van slawerny in Egipte sou los nie.

20 Niks minder as vrymaking uit Egipte, vrymaking van die juk van slawerny, sou voldoende wees nie. God se ewige plan het vereis dat die kinders van Israel die Pasga sou oorleef, Egipte verlaat, deur die Rooi See trek en gevestig word as 'n vry volk in die Beloofde Land.

21 Sonde is ernstig. Steeds verdra ons sonde heeltemal te gemaklik. ***"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer."*** Handelinge 17:30

22 Sonde is meer verontreinigend as vuilheid, gevaarliker as 'n onontplofde bom, meer lewens gevaarlik as 'n ongeneeslike siekte, meer verraderlik as 'n virus. ***"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is."*** Jesaja 55:6

23 ***"Die Wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige."*** Psalm 19:7. Die eerste taak van die Evangelis is om God se Wet te verkondig en die wese van sonde te openbaar. Om na te laat om die Wet te gebruik, skep 'n valse hoop, 'n valse standaard van Christen ervaring en veroorsaak dat die Kerk gevul word met valse bekeerlinge. ***"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here.."*** Spreuke 9:10

24 Hulle sal nooit genade aanvaar totdat hulle nie sidder voor 'n regverdige en heilige Wet nie. ***"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof."*** Galasiërs 3:24. Redding is deur genade alleen, ontvang deur geloof alleen.

25 Die Bybel alleen is ons finale outoriteit. ***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*** 2 Timótheüs 3:16

26 Christus alleen is die Hoof van die Kerk. Christus is die enigste Middelaar tussen God en die mens. Die waarheid triomfeer. Geen hoeveelheid duisternis kan die kleinste liggie uitdoof nie.

27 Ons moet die self verloën, nie toegee aan die luste van self nie. Baie mense ag hulle ervaring as deurslaggewend. Maar vir Christene is die Bybel ons finale outoriteit. Emosies is 'n gebrekkige plaasvervanger vir die Bybel.

28 Die Bybel waarsku ons: ***"leer om nie te dink bo wat geskrywe is nie"*** 1 Korintiërs 4:6-14. Ons moet bewus wees van stromings en leraars wat buite die Bybel handel en wie met vermetelheid dít verkondig wat nie duidelik deur die Heilige Skrif geleer word nie.

29 Christene moet bewus wees van dié kerke wat streef om soos die wêreld te lyk en te klink. In baie kerke word die Groot

86 Ons moet die morele uitdagings van ons tyd in die gesig staar, insluitend die simptome van morele verval: misleiding in die nuusmedia, gedegenereerde vermaak, oneerlikheid in besigheid en agteruitgang in regering.

87 Dit is selfs meer belangrik is om die oorsake te identifiseer: oneffektiewe kerke, flou prediking, onverantwoordelike leiers, 'n verwerping van God se Wet as die fondasie van ons gesinne, kerke en nasie, verwaarlosing van die Bybel, biddeloosheid, selfsugtigheid, verwarring, kompromie, lafhartigheid en in wese, 'n gebrek aan 'n heelhartige liefde vir God.

88 Veels te veel kerke vermaak hulle lede eerder as om hulle te onderrig met verklarende prediking vanuit die Bybel. Hulle sus hulle lede in plaas daarvan om hulle aan te spreek oor sonde. ***"Geregtigheid en reg is die grondslag van U Troon; goedertierenheid en trou gaan voor U aangesig uit."*** Psalm 89:14

89 Lewe begin by bevrugting. Aborsie is moord. Die heiligheid van lewe is 'n belangrike aspek van die Christelike geloof. Die Bybel beveel Christene: ***"Maak jou mond oop vir die stomme, vir die regsaak van almal wat wegkwyn"*** Spreuke 31:8 en ***"Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug!"*** Spreuke 24:11

90 Die Bybel verwys deurlopend na geld as per gewig. God se Wet verbied diefstal, oneerlike weegstene en mate, inflasie, woekery, ongesteunde geldeenheid en veelvuldige skuldlas. Bybelse Wet vereis eerlike geld, gerugsteun deur 'n ware konstante waarde. (Levitikus 16:35-36; Spreuke 11:1; 20:10,20:23; Amos 8:5-7; Miga 6:11-12)

91 In die Bybel is sonde spesifiek en persoonlik. Dit is die verbreking van God se Wet. Ons is skuldig wanneer ons ongehoorsaam is aan een van God se Wette. Sonde is om nie vir God alleenlik te aanbid nie; dit is om 'n afgod te maak of te aanbid, om God se naam ydellik te gebruik, om die Sabat te ontheilig, om nie ons ouers te eer nie, om 'n onskuldige lewe te neem, owerspel te pleeg, om te steel, om vals getuienis te gee en om te begeer. Maar skuld manipulasie, vals of sielkundig, is vaag en algemeen.

92 Wanneer ons ons bekeer van ons persoonlike skuld aan die verbreking van God se Gebooie, is die resultaat vergifnis, vryheid en versoening. Maar bekering van valse- of sielkundige skuld, bring geen vryheid of vergifnis nie – want die duiwel is 'n genadelose onderdrukker. Ons moet die Bybel en geskiedenis verstaan sodat ons die wêreldse misleiding kan herken, en die pogings om God se mense met skuld te manipuleerte kan ontbloot.

93 ***"As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos"*** Spreuke 29:18. Ons benodig 'n positiewe en praktiese visie vanuit God se Woord, vir ons persoonlike lewens, vir ons gesinne, kerke, nasies en vir die wêreld.

94 Ons hoogste prioriteit moet ons liefde, aanbidding, diens, gehoorsaamheid en eer aan God wees. Ons benodig 'n Bybelse visie van geregtigheid, reg, liefde en barmhartigheid nodig. ***"Hy het geregtigheid en reg lief; die aarde is vol van die goedertierenheid van die Here."*** Psalm 33:5

95 ***"En aan Hom wat mag het om te doen vêr bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen."*** Efésiërs 3:20-21

Die "Reformation Society" bemoedig verdere studie en gesprek oor die Hervorming leerstellings en die nodige aksie vir Hervorming vandag. Besoek asseblief ons Facebook blad: **Reformation500** om u kommentaar en voorstelle te pos.

Kerke, Evangeliebedienings en individue wie hierdie ***95 Stellings vir Hervorming Vandag*** van ganser harte ondersteun, word aangemoedig om 'n e-pos te stuur aan info@frontline.org.za sodat hulle hulle goedkeuring kan registreer. Daar kan ook geskryf word aan: **The Reformation Society**, Posbus 74 Nuweland 7725, Kaapstad, Suid-Afrika.

Sluit ook aan by die **Christian Action Network**
Vir meer informasie:
**info@ChristianAction.org.za**

Hierdie inisiatief is deel van die ***"Coalition on Revival"*** se plan om ons kerke te Hervorm, gesentreer op die **Reformation 500** geleentheid in Oktober 2017, om die 500-jaar te herdenk vandat dr. Martin Luther sy ***95 Stellings*** aan die deur van die Castle Kerk vasgespyker het.

Peter Hammond
**www.frontline.org.za**

E-pos: **mission@frontline.org.za**
Web: **www.Reform500.org**
**www.LivingstoneFellowship.org.za**
**www.ReformationSA.org**

Woord Alleen · Geloof Alleen · Genade Alleen

Reformation Society

Opdrag geïgnoreer terwyl sosiale kwessies, fisiese gesondheid en welvaart, spoggerige vermaak en 'n klem op selfsugtige en materialistiese kwessies die primêre fokus word. Baie *'Word of Faith'* leraars openbaar 'n gebrekkige vrees vir God en preek 'n ander evangelie en 'n ander Jesus as wat deur die Bybel verkondig word.

30 Baie populêre predikante sê vir mense net wat hulle graag wil hoor in plaas van om vir hulle te sê wat hulle behoort te hoor. Die *'Word of Faith', 'Name it and Claim it', 'Health and Wealth', 'Prosperity'* predikante mag dalk populêr wees, maar hulle is valse leraars. Hulle is effektief besig om mense immuun te maak teen ware Christenskap. Ons behoort soos die mense van Beréa te wees wat meer edelmoedig was as dié mense in Thessalonika; hulle het die Woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte geondersoek om vas te stel of die dinge wat die Apostels verkondig het wel só was. (Handelinge 17:11)

31 'n Volwasse Christen is 'n oordeelkundige Christen. Ons kan die Here God nie liefhê behalwe as ons Hom ken nie. Ons kan Hom nie ken behalwe as ons Sy Woord, die Bybel, bestudeer nie. Christene moet hulself ondersoek om te sien of hulle waarlik in die geloof is (2 Korintiërs 13:5). Is daar 'n ware verandering in jou lewe? Is daar bewys van Goddelike berou oor jou sonde? Het jy God lief met jou hele hart, siel, verstand en krag? Vind jy behae daarin om God se Woord te bestudeer en om te bid? Het jy 'n weersin in sonde?

32 Ons word beveel om ***"kragtig te stry vir die geloof wat een-maal aan die heiliges oorgelewer is"*** Judas 3. Ons Here, Jesus Christus, is ons voorbeeld en Hy het valse profete, skrywers en fariseërs, skynheiligheid en valse leringe ontbloot.

33 Die goedheid van die mens is 'n on-Bybelse lering. ***"Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die Here, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge."*** Jeremia 17:9-10

34 Tekens en wonderwerke red niemand nie. In die evangelie van Johannes lees ons: ***"En toe Hy in Jerusalem was op die Pasga gedurende die fees, het baie in Sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen. Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat in die mens is."*** Johannes 2:23-25. Jesus het self gesê: ***"Hierdie geslag is boos; dit soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie..."*** Lukas 11:29

35 Slegs die Evangelie kan lewens verander. Bekering ter wille van fisiese gesondheid en rykdom is valse bekering. Dié wat leer dat gelowiges in kosmiese magte moet inskakel is on-Bybels. Dít wat hulle aanbied lyk eerder na toorkuns as Bybelse geloof. Baie van wat verkondig word in die *'Word of Faith'* beweging is nie Bybelse Geloof in die Soewereine God nie, maar wel geloof in geloof. Dít is afgodsdiens.

36 Die Bybel waarsku ons: ***"Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is."*** Efesiërs 5:15-16

37 Gelowiges moet baie selektief wees aangaande die vermaak en nuus media wat ons toelaat om daagliks ons gedagtes te vul.

38 Die Bybel beskryf sekulêre humanistiese denke: ***"...hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is ver-duister."*** Romeine 1:21. Dit is uiters gevaarlik vir Christene om hulle kinders na sekulêre humanistiese skole toe te stuur om hulle onderwys te ontvang.

39 ***"En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie"*** Romeine 1:28. Idees het gevolge. Dit wat ons sien beïnvloed wat ons dink en wat ons dink beïnvloed wat ons sal word en wat ons sal doen. Optrede word gebore uit gedagte patrone.

40 ***"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."*** Matteus 7:21. Dit is nie so veel wat ons sê nie, maar wat ons doen wat 'n verskil maak. Aksies meer welsprekend as woorde.

41 Om klem te plaas op gevoel en ***"seëninge"*** terwyl die verpligting van gehoorsaamheid en dissipelskap nagelaat word is net 'n pad tot mislukking en teleurstelling, (Mattheus 7:15-23)

42 Daar is geen kort paaie, of 'n 4-punt program tot ware redding nie. Daar is geen alternatief tot 'n volle oorgawe aan die Heerskappy van Christus (Kolossense 2:6-7) of 'n soeke na die weg van die Here met volharding, (Jeremia 29:13) en gehoorsaamheid daaraan nie. (1 Petrus 2:21) Jy moet die wêreld verlaat (1 Johannes 2:15-17) en jou selfsugtige lewe opgee. (Matteus 16:24) Bekeer jou van jou vorige sondige weë (Jesaja 55:7) en plaas al jou energie, tyd, talente, geld en vaardighede onder God se beheer. Word verander deur die vernuwing van jou gedagtes en lewe voluit vir die Here. (Romeine 12:1-2)

43 Die weg van Redding in die Bybel is beskryf as a soektog, (Jeremia 29:13) 'n reis, (Matteus 7:13-14) 'n oorlog, (2 Korintiërs 10:3-5) en 'n marathon wedloop. (1 Timoteus 6:12) Gelowiges word beskryf as reisigers, dissipels, soldate, en lang-afstand atlete. Die Bybel is vol van beskrywings van gevegte, vooruitgang, verowering, struweling, lyding en oorwinning. Hierdie Bybelse aanduidings vertel van vordering en vooruit beweging. Dit praat van 'n volgehoue ervaring en lewenswyse, nie net 'n eenmalige gebeurtenis of teologies begrip nie.

44 Die hart van die Evangelie is 'n herstelde verhouding met God deur Jesus Christus, waarin kommunikasie en kontak bekragtig en onderhou word met die Here. Jou karakter word ontwikkel en God se ewige doelwitte word in en deur jou lewe bereik.

45 Die mense wat leer dat die Wet van die Here nie meer vandag op ons van toepassing is nie, is onkundig en goddeloos. Predikers wat verklaar dat 'n mens Christus as Saligmaker kan aanvaar sonder om aan Hom as Here te onderwerp, verkondig dwaalleer.

46 Christus alleen is Hoof van die Kerk. Geen pous, biskop, aartsbiskop, kardinaal, sinode of moderator het die mag om die bevele wat die Almagtige God in Sy Woord duidelik ingestel het, ongeld-ig te verklaar nie.

47 Mense moet waak teen dié wat onbillike betaling vir geestelike dienste vereis.

48 Die leraars wat beweer dat Bekering nie noodsaaklik is vir die-gene wat begeer om in 'n regte verhouding met God te staan nie, preek nie 'n Bybelse leerstelling nie. Die waarlik berouhebbende mens begeer ernstig om volkome restitusie te doen, en om enigiets wat hy geneem of beskadig het te vervang of te herstel.

49 Die mense wat vereis dat die Woord van die Here stilgemaak word op sekere kwessies wat deur hulle onderskryf word, sodat die kwessie onbelemmerd bly, is vyande van Christus.

50 Die Woord van God word skade aangedoen wanneer daar nie 'n balans in ons prediking gehandhaaf word tussen: die Wet van God en die liefde van God, die wraak van God en die genade van God, die ewige oordeel en die Evangelie van verlossing, die seëninge van die Hemel en die realiteit van die hel nie. Die ware skat van die Kerk is die allerheiligste Evangelie van die glorie en genade van God.

51 Laat die een wat teen die waarheid van die Heilige Skrif (die Bybel) spreek, 'n vervloeking en vervloek wees. (Galasiërs 1:6-10) Maar laat hy wat waak teen die luste en losbandigheid van die wêreld, laat hy geseënd wees!

52 Hulle wat verkondig dat ons klein gode is, is skuldig aan Godslastering. Hulle wat verkondig dat die Kruis van Christus nie voldoende was vir Ewige Redding nie, is dwaalleraars.

53 Verag dié valse profete wat sê: ***"Vrede en veiligheid"***, terwyl daar geen vrede is nie. (1 Thessalonicense 5:3)

54 Geseënd is die wat die Kruis van Christus verhef en 'n duidelike oproep tot Bekering doen.

55 Christene moet aangemoedig word om ons Here, Jesus Christus getrou te volg deur opoffering en lyding, en eerstens die Konink-ryk van God te soek.

56 Ons kan verseker wees dat die Koninkryk van God deur baie verdrukking binnegegaan sal word, eerder as deur die misleiding van gemak en gerustheid.

57 As ek met die luidste stem en duidelikste omskrywing, elke gedeelte van die waarheid van God se Woord verkondig, behalwe dié einste kwessie wat die wêreld en die duiwel op daardie oomblik aanval, dan is ek nie besig om Christus te bely nie, ongeag van hoe versekerd ek van Hom praat. Waar die geveg heers, dáár word die lojaliteit van 'n soldaat onderskei; en om standvastig te wees op enige ander oorlogsfront behalwe dié een, is niks minder as 'n daad van onttrekking en skande nie – as hy terugdeins van dié saak.

58 Kompromie en lafhartigheid doen skade aan alle betrokke partye. Lafhartigheid is vernietigend en kortsigtig. In Openbaring 21:8 is lafhartigheid bo aan die lys van die wat vir ewig deur God verdoem sal word – in die poel van vuur.

59 Die Woord van God beveel ons om nie bang te wees vir enige mens nie. (Deuteronomium 1:17) Ons word gewaarsku dat vrees vir 'n mens 'n strik is. (Spreuke 29:25)

60 Lafhartigheid laat ons sit wanneer ons moet opstaan, laat ons stil bly wanneer ons moet praat, maak ons passief en onaktief wanneer ons moet veg vir dít wat reg is. ***"...Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterwe, en vir die mensekind wat oorgegee word soos gras? —dat jy vergeet die Here wat jou gemaak het, wat die hemel uitgesprei en die aarde gegrond het."*** Jesaja 51:1213

61 Die hedendaagse voorkoms van Arminianisme, Antinomi-anisme, *"egalitarianism"* sonde-vriendelike, selfgesentreerde, oppervlakkige, sensasionele, materialistiese, 'goedkoop-genade' en die 'maklike-geloof' leringe het ruggraatlose papperds voortgebring wat vir niks standpunt kan inneem nie. ***"Openlike teregwysing is beter as verborge liefde. Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel, maar die soene deur 'n vyand is oorvloedig."*** Spreuke 27:5-6

62 Ons is geroep tot getrouheid, nie populariteit nie. Die Groot Opdrag roep ons nie op om vriende te maak nie, maar om dissipels van alle nasies te maak; om gehoorsaamheid te leer in alles wat ons Here ons beveel het.

63 Ons is geroep om ons aan God te onderwerp en die duiwel te weerstaan, en hy sál van ons af wegvlug. (Jakobus 4:7)

64 Hulle kan die liggaam doodmaak, maar hulle kan die siel nie vernietig nie.

65 Dit is 'n skande vir dienaars van die Evangelie om stil te bly terwyl die ware fondasie van ons geloof en vryhede - beskawing self – aangeval word. Die veldtog om dit wat God beskryf as 'n gruwel, 'n *"huwelik"* te noem, behoort elke Christen tot aksie aan te spoor om te veg vir die gesin en ons geloof. Die basiese bousteen van ons samelewing, die gesin, is op die gevegsfront in die wêreldoorlog van wêreldbeskouings. Omdat die invloed van onderwys, vermaak en die nuus media so vêrreikend is, is dit hiér waar die geveg vir die gesin of verloor, of gewen word.

66 Die Bybel leer ons dat God 'n Goddelike geslag soek. (Maleági 2:15) Daarom is die eerste prioriteit van ouers om hulle kinders te leer om God en Sy Woord lief te hê. Sekulêre humanistiese onderwys poog om God uit te wis deur Hom uit die klaskamer en die denke van die volgende geslag (kinders) te verban. Deur die Bybel uit te wis as die bron van alle kennis, is humaniste besig om die fondasie van alle waarheid te verwyder. Hulle verbied die enigste objektiewe standaard waardeur realiteit beoordeel word. ***"Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie."*** Kolossense 2:8

67 Ek is bevrees dat skole hulleself as wye poorte na die hel sal bewys, behalwe as hulle getrou arbei om die Heilige Skrifte te verduidelik en dit so op die harte van jong mense graveer. Ek sal niemand aanraai om sy kind te plaas waar die Heilige Skrifte nie opperheerskappy het nie. Elke instansie waar mense hulleself nie deurentyd besig hou met die Woord van God nie, moet in korrupsie verval.

68 In hierdie oorlog tussen kulture, is dit lewensbelangrik om die oorlog tussen Skepping en die teorie van Evolusie te verstaan. Wetenskap handboeke en museums is hier 'n strategiese slagveld in die wêreldoorlog van wêreldbeskouings.

69 Ons moet die Woord van God ken en ons moet die God van die Woord ken. Ons moet God ken en Hom bekend maak.

70 Dit is noodsaaklik om te weet wat ons glo, waarom ons dit glo, asook hoe om dit prakties te verdedig in 'n argument. Dit is ook noodsaaklik dat ons effektiewe evangeliste word.

71 Christene moet besef dat ons in 'n wêreldoorlog van wêreld beskouings betrokke is. Daar is 'n oorlog teen God en teen Sy Woord – die Bybel. In hierdie oorlog vir die denke, word klaskamers en film teaters die slagvelde. Onderwys is 'n slagveld. Handboeke en onderwysers bevorder en stel gereeld ewolusie, situasie etiek, seks opvoeding en die herdefiniëring van waardes voor. Realiteit word herrangskik deur 'n selektiewe fokus en soos Karl Marx verklaar het: *"die eerste slagveld – die herskryf van geskiedenis."* Deur die vooronderstellings te verdraai, hoop die sekulêre humaniste om ons kinders te steel en die kultuur en land te kaap. Die vermaak industrie is grotendeels geïnfiltreer om boosheid te verheerlik, skeltaal te veralgemeen en alles wat lelik is op te hemel. Dit is elke Christen se plig om uitstekende Christen media te ondersteun.

72 Christene moet onderskeiding toepas in hulle vermaaklikheid en media keuses. Ons moet flieks ondersteun wat gesins vriendelik is en ons aanbiedings wat nie anti-Christelike programme vermy.

73 Die Ewolusie teorie is 'n onderneming/poging om God terugwerkend te verwyder. Ewolusie as 'n teorie en filosofie verwoes alle betekenis, doel, rigting, geregtigheid en hoop in lewe. Die Skrif verklaar, ***"Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie."*** Psalm 14:1

74 Ons is geroep om die lig van die wêreld te wees. Al die duisternis kan die kleinste liggie nie uitblus nie. ***"Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek."*** Habakkuk 2:14

75 Die hedendaagse verskynsel van ouderdom skeiding in kerkdienste behoort heroorweeg te word in die lig van die Bybel. Vandag se jeug is nie die Kerk van môre nie, maar is deel van die Kerk van vandag. Die Kerk is 'n verenigde liggaam. ***"Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus."*** 1 Korinthiërs 12:12

76 Ouers is verantwoordelik daarvoor om hulle kinders in die vrees van die Here op te voed, in gemeenskap met alle gelowiges. Sosiale Kerk byeenkomste behoort gesinne in te sluit. Jeug bediening behoort terugbesorg te word aan diegene waaraan dit behoort – families en vaders/pa's. Ongelukkig is dit waar dat baie jeug bedienings meer kwaad as goed doen. ***"Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met dwase verkeer, versleg."*** Spreuke 13:20

77 Jong mense het 'n baie groter kapasiteit vir geestelike en sosiale volwassenheid as wat meeste mense dink. Jong mense moet aangemoedig word om hulle geloof ernstig op te neem en altyd hoër te strewe vir die Here.

78 Baie van die leidende denominasies is deur sekulêre humaniste geïnfiltreer, en as gevolg daarvan is die kerke se Bybelse Evangelie verpletter en het ruggraatlose generasies daaruit ontwikkel. Baie kerke is vol, maar daar is min kerkgangers wat 'n ware verhouding met die Here het.

79 Om die Kerk se aandag af te trek en Christene lam te lê, word valse leringe en ketterye met groot geesdrif bevorder. Passiwiteit word aangemoedig en baie Christene se aandag is afgetrek deur 'n obsessie met 'n *"wegrapings-koors"* eindtyd profesieë.

80 Die Wet van die Here, wat die siel verkwik, (Psalm 19:8-12) is omtrent tot niet gemaak in hedendaagse kerke. 'n Lamsakgees en 'n begeerte om al die moeilikheid van hierdie lewe vry te spring maak ons kerke onaktief en vrugteloos.

81 Die Kerk se taak om die Groot Opdrag van die Here Jesus Christus (Matteus 28:18-20) uit te voer in ons geslag, word ondermyn deur wêreldse musiek, ouderdom skeiding in kerk dienste en jeug groepe wat daarna streef om vermaak te bied, in plaas van opvoeding.

82 Die algemene Westerse kerk is op 'n lae vlak van oordeelkundigheid. Materialisme, sensualisme en die aanbidding van ander mense as afgode, trek baie gelowiges se aandag af van hul verantwoordelikheid om die Groot Opdrag uit te voer.

83 Baie Christene versuim daarin om raak te sien dat skole en universiteite in die hande van sekulêre humaniste is en stuur steeds hul kinders na hierdie inrigtings wat vol is van anti-Christelike idees en ideologieë, en wat effektief bestaan om hulle kinders te breinspoel.

84 Teologiese kweekskole word, oor die algemeen, geinfiltreer deur liberale teoloë wat hou by teistiese evolusie. Die ondermyning van Bybelse Christenskap, in baie denominasies, is soos kanker wat deur die liggaam versprei.

85 ***"Moet 'n mens die goddelose help, en het u lief die wat die Here haat? Daarom kom daar nou 'n toorn op u van die Here."***

2 Kronieke 19:2